

Begroting 2016 en Klein Besighede


Ten opsigte van die belangrikste syfers is die afname in die hoofbegrotingstekort van 4.2% van Bruto Nasionale Produk (BNP) in 2015/16, na 'n tekort van 2.9% van BNP teen 2018/19, 'n positiewe ontwikkeling. Die vooruitgeskatte tekorte vir die volgende drie jaar is beduidend kleiner as dié wat 'n jaar gelede voorspel is, ten spyte van 'n swakker vooruitsig vir reële BNP-groei. Boonop word verwag dat die rentevrye uitgawes van die hoofbegroting teen 2018/19 van 27.5% in 2015/16 na 26.1% sal val, soos die regering reële bestedingsgroei beperk deur die staat se groot loonrekening te teiken. Net so bemoedigend is die feit dat die hoofbegroting se primêre begrotingstekort (inkomste minus rentevrye besteding) teen 2018/19 van die tekort van 1.1% van BNP in 2015/16 na 'n surplus van 0.5% van BNP sal verbeter. Dus word voorspel dat die regering se bruto leningskuldratio in 2017/18 teen 51.0% van BNP sal stabiliseer, voor dit in 2018/19 na 50.5% van BNP daal. .

Die besonderhede wek egter sekere vrae op. Die Tesourie se groeisyfers vir BNP lyk optimisties. In die jaar tot en met 4Q2015 het die BNP in huidige pryse met net 4.9% toegeneem. Hoewel daar verwag word dat inflasie sal lig, is die Nasionale Tesourie se vooruitgeskatte nominale BNP-groei van 7.8% in die 2016-kalenderjaar, gevolg deur toenames van bo 8% in die volgende twee kalenderjare, beduidend hoër as die huidige tendens. Die regering se inkomstegroei kan derhalwe teleurstel.

Hoewel die fokus van die beperking van besteding op vergoeding gerig is, word uitspraak voorbehou, gegewe die regering se onreëlmatige geskiedenis met hierdie bestedingskategorie oor die afgelope paar jaar. Wat die Nasionale Gesondheidsversekering (NGV) betref, het minister Gordhan aangedui dat die befondsingsplan nog oorweeg word. Ter illustrasie – die witskrif oor die NGV, wat in Desember 2015 bekendgemaak is, sluit 'n vooruitskatting in wat aandui dat die totale NGV-besteding aan gesondheidsorg deur die openbare sektor van ongeveer 4% van BNP op die oomblik, na 6% van BNP in 2025/26 kan verhoog, maar slegs as die ekonomie in reële terme teen 3.5% groei. Stadiger groei van, byvoorbeeld, 2%, impliseer dat die besteding van die openbare sektor aan gesondheidsorg na ongeveer 7% van BNP oor die tydperk kan verhoog.

Bruto belastinginkomste word begroot om van 26.4% van BNP in 2015/16, na 27.8% van BNP in 2018/19, toe te neem. Maar gesamentlik suggereer swak ekonomiese groei en bestedingsprioriteite, soos NGV, dat die aandeel van belasting in BNP na 'n hoër vlak as wat tans verwag word, kan styg.

Bruto belastinginkomste



Bron: Suid-Afrikaanse Nasionale Tesourie

Bron: Suid-Afrikaanse Nasionale Tesourie, Begrotingsoorsig

Die Tesourie se Begrotingsoorsig vir 2016 suggereer egter dat 'n verhoogde fokus op indirekte belasting, BTW ingesluit, waarskynlik is.

Hiermee gepaardgaande beoog die begroting om besigheidsontwikkeling oor die algemeen te ondersteun, maar spesifiek ook klein besighede. Sommige van hierdie maatreëls word hieronder uiteengesit.

Suid-Afrika se finansiële sektor is een van die mees ontwikkelde in die wêreld, tog loop dit agter in die wêreldwye mededingendheidstaksering ten opsigte van die voorsiening van waagkapitaal. Die land moet die potensiaal van sy entrepreneurs ontsluit deur geleenthede vir die kommersialisering van idees te voorsien. Om ekwiteitsfinansierders dus aan te moedig om in klein besighede te belê, is die waagkapitaalmaatskappy-regime in 2008 bekendgestel. Die Oorsig noem dat daar tans 31 geregistreerde waagkapitaalmaatskappye is. Die regering beplan om maatreëls te ondersoek om die ongunstige impak wat sekere van die bepalings waaronder hierdie maatskappye gebuk gaan, op beleggersdeelname het, te verminder. Voorts dui die Tesourie aan dat dit met die Departement van Kleinbesigheidsontwikkeling saamwerk om die moontlike stigting van 'n 'kleinbesigheidsvernuwingsfonds' te ondersoek.

Die Tesourie dui ook aan dat die Departement van Kleinbesigheidsontwikkeling met munisipaliteite saamwerk om rompslomp te verminder. Die Oorsig noem, byvoorbeeld, dat nege van Suid-Afrika se grootste munisipaliteite beoog om die rompslomp betrokke by, byvoorbeeld, die bekom van boupermitte, die registrasie van eiendom en die aansluiting van elektrisiteit, te verminder.

Ook beoog die Tesourie om die wetgewing ten opsigte van belastingaansporings vir Spesiale Ekonomiese Sones (SES) te wysig om dit duidelik te maak dat kleinbesighede in SES'e aan korporatiewe inkomstebelasting teen óf die toepaslike glyskaalkoers, óf 15%, onderhewig is, watter een ookal die laagste is. Die Begrotingsoorsig noem egter dat kleinbesighede steeds aan die bepalings van die Wet op Inkomstebelasting moet voldoen, om vir die 15%-koers in aanmerking te kom.

Ander maatreëls, wat vir besighede oor die algemeen tot voordeel sal wees, sluit die verslapping van visumvereistes vir buitelandse besoekers, die versnelling van die uitrol van breëband en die aanpas van die immigrasiebeleid om vaardigheidsbepelings te verminder, in. In die breë gesien, behoort die funksionering van Ondernemings in Staatsbesit te verbeter, wat tot verhoogde infrastruktuurkapasiteit en dienslewering sal lei, indien die aanbevelings van die Presidensiële Oorsigkomitee vir Ondernemings in Staatsbesit, soos beplan, in werking gestel word.

In die geheel is die Tesourie se fokus op ondersteuning van en samewerking met privaat besigheids-ondernemings welkom en noodsaaklik. Sonder versnelling in ekonomiese groei oor die medium termyn, sal die regering se fiskale somme immers nie klop nie.

Geskryf deur Arthur Kamp, Beleggingsekonoom, Sanlam Beleggingsbestuur